

'N STAP IN DIE RIGTING VAN 'N OORKOEPELENDE KERN-TEORIE VIR KOMMUNIKASIE

H.L. Venter

System theory is the most general theoretical approach to communication and the Pragmatic/system approach can be seen as the most comprehensive communication theory at present. However, it does not address intrapersonal or transpersonal/vertical/religious communication. According to this approach, the smallest unit in a system is seen as the communication relationship between two individuals. This results in a fundamental inconsistency with the General System Theory, according to which the smallest unit of a system determines the functioning and effectivity of the total system. In this article it is proposed that the smallest unit of the communication system is intrapersonal communication (and sometimes transpersonal communication), which will determine and constrain interpersonal communication. These levels of communication are not taken into account because they cannot be measured in an empirical way. This caveat is addressed by developing a hierarchical communication model which embraces both aforementioned levels of communication, as well as the ultimate supra system, namely the transcendental reality. The nature of the transcendental reality is non-empirical and the transpersonal communication subsystem functions as a bridge between the empirical reality and the transcendental (non-empirical) reality. This model places communication within the domain of a more holistic worldview and opens the field to non-linear research that goes beyond the empirical perspective.



Linda Venter is dosent in die Departement Kommunikasiekunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

INLEIDING

Die intrinsieke aard van menslike kommunikasie is so omvattend dat dit alle lewensareas deurdrenk en gevoglik ook 'n deel van alle studieveld vorm. Kommunikasie as wetenskap het maar gedurende die afgeloop vyftig jaar formeel ontwikkel en was voorheen slegs as onderafdeling (en vanuit die perspektief) van ander dissiplines soos Sielkunde, Sosiologie, Filosofie en Antropologie bestudeer. Gevolglik het 'n mengsel van geleende en aangepaste teorieë en benaderings in Kommunikasie ontstaan, en hierdie teoretiese fragmentasie kan as een van die redes beskou word waarom 'n oorkoepelende kern ("touchstone")-kommunikasieteorie nog nie ontwikkel is nie.

Daar bestaan wel verskeie maniere waarop die magdom bestaande kommunikasieteorieë tans geklassifiseer en georganiseer word. Een sodanige klasifikasiesysteem is dié van Littlejohn (1992) waar kommunikasieteorieë in vyf genres ingedeel word, naamlik strukturele en funksionele teorieë; kognitiwe en gedragsteorieë; interaksionele en sosiale konvensie-teorieë; interpretatiwe teorieë en kritiese teorieë. Alhoewel elk van hierdie genres spesifieke bydraes tot die begrip van kommunikasie lewer, bestaan daar leemtes in elk en is daar steeds 'n behoefte aan 'n kern-teorie wat as basiese wegspringplek vir navorsing aan die hand van enige van dié genres kan dien.

As gevolg van die gebrek aan 'n omvattende, oorkoepelende kern-teorie, word die Kommunikasie-wetenskap getreiter deur problematiek met betrekking tot aspekte soos byvoorbeeld konflikterende epistemologiese aannames en -metodologieë en 'n skugterheid by navorsers om nuwe en onortodoxe teorieë te geneereer.

KONTEMPORÈRE PROBLEMATIEK MET BETREKKING TOT DIE STAND VAN KOMMUNIKASIE TEORIE

Teoretiese fragmentasie

Berger (1991) beklemtoon die teoretiese fragmentasie wat in die kommunikasieveld heers. Daar bestaan tans 'n tendens om die kommunikasieveld rondom kontekste van studie (bv. massakommunikasie en organisasiékommunikasie) te organiseer sonder dat daar 'n "amptelike" gemeenskaplike teorie bestaan wat hierdie kontekste kan saambind. Verskeie navorsers (Fisher, 1978; Berger, 1991) is van mening dat die kommunikasieveld steeds baie meer teorieë vanuit ander dissiplines "invoer" as wat eie teorieë "uitgevoer" word en

dat daar 'n gebrek aan oorspronklike teorie-ontwikkeling bestaan.

Konflikterende epistemologieë

Daar bestaan ook die metodologiese probleem van konflikterende epistemologieë wat in die gesig gestaar word in terme van die positiviste (pragmatiese, empiriese) versus die humanistiese (interpretatiwe, kritiese) perspektiewe of wêreldebekouings. Die wêreldebekouing wat deur 'n navorser aangehang word, bepaal die benadering en metodologie wat gevolg word en uiteindelik die bydrae tot teorie-ontwikkeling. Die groot aantal bestaande kommunikasieteorieë en -benaderings het tot 'n sekere mate aan die verskillende kante (empiries/interpretatief) van die kontinuum gepolariseer. Volgens verskeie navorsers (Rogers, 1982; Melody & Mansell, 1983; Real, 1984; Hardt, 1989) verdeel hierdie probleem die kommunikasieveld in twee skole wat op sulke verskillende en uiteenlopende beginsels berus dat hulle totaal diverse aspekte van dieselfde fenomeen (nl. kommunikasie) verteenwoordig. Gevolglik kan die kennis wat deur een skool verkry word, nie werklik deur die ander skool geïnterpreteer of gebruik word nie. Die filosofiese oriëntasie van 'n navorser beïnvloed die keuse van metodologie, gewoonlik of kwantitatief, of kwalitatief. Enige navorsing bestaan egter uit elemente van kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe perspektiewe. Die generering van 'n omvattende metaparadigma, wat oorkoepelend genoeg is om die belangrikste aspekte van uiteenlopende perspektiewe en filosofieë effektiel te inkorporeer, mag 'n moontlike oplossing vir hierdie probleem bied.

Chalmers (1990) is van mening dat kommunikasienavorsers so desperaat poog om by ander wetenskappe in te pas, dat daar te veel klem geplaas

word op metodologie en teoriebou gevvolglik verwaarloos word. Volgens hom het hulle behep geraak met empirisme en die glans van die natuurwetenskappe in hul strewe om as 'n volwaardige wetenskap beskou te word. Gevolglik word sommige van die mees fundamentele vlakke van kommunikasie (bv. intrapersoonlike kommunikasie) verwaarloos omdat dit nie maklik empiries nagevors kan word nie. Berger (1991) beklemtoon egter dat navorsing nie slegs beoordeel behoort te word volgens die toepassing van streng metodologiese procedures nie, maar eerder volgens die kwaliteit van die teoretiese beginsels wat ontwikkel word.

Jensen (1993:68) bevestig die probleem en is van mening dat: "...(We) favour a discipline with a coherent paradigm, disciplinary legitimacy and methodological certainty because it makes academic life 'infinitely easier' in a context of growing institutional pressures". Roszak (1972:411) is dan ook van mening dat 'n breër oorkoepelende benadering "...would mean a revolution of consciousness, and true revolutions never happen from within the palace - especially when the living inside is so easy. The job will be done from outside the profession of science by adventurous science drop-outs".

Kommunikasienavorsers is huiwig om onortodoxe idees te ontgin en nuwe en veral kontroversiële teorieë te genereer, omdat hulle deel van 'n klein, bekende gemeenskap vorm en persoonlike loopbane moontlik benadeel mag word. Wetenskaplike kreatiwiteit ly hieronder.

Teoretiese versus pragmatiese navorsing

Daar heers 'n stryd tussen navolgers van die teoriebou-kamp aan die een kant en navolgers van die praktiese of toegepaste navorsingskamp aan die anderkant. Laasgenoemde kritiseer eers-

genoemde en is van mening dat daar tyd verspil word deur in ivoortorings te sit en teoretiseer, terwyl praktiese kennis van kommunikasie wat in die alledaagse lewe toegepas kan word, die werklike behoefté is. Universiteite behoort natuurlik teen blote esoteriese ivoortoring-teoretisering te waak, maar hulle behoort terselfdertyd ook te verseker dat hulle nie slegs 'n versameling van beroepskole word nie.

Die vraag ontstaan of die insameling van empiriese data van enige nut is indien dit nie aan die hand van 'n oorkoepelende teorie gedoen word nie. Praktiese navorsing het die ondersteuning van 'n soliede teorie nodig en hierdie twee behoort onderling insluitend, eerder as uitsluitend te funksioneer. Die oplossing lê dus eerder in sinergie as in isolasie.

Gebrek aan selfvertroue

Verskeie outeurs (Condit, 1990; Berger, 1991) is ook van mening dat kommunikasienavorsers gekenmerk word aan 'n gebrek aan selfvertroue, onder andere huis as gevolg daarvan dat daar nie 'n volledige oorkoepelende teorie bestaan wat hulle kan rig en 'n bydrae tot die universele diskloers kan lewer nie. Daar bestaan dan ook 'n gebrek aan debatte rondom teoretiese standpunte in kommunikasietydskrifte. Die onsekerheid met betrekking tot teoriekonstruksie lei ook daartoe dat daar eerder op toetsing en kritisering van bestaande teorieë gefokus word. Rogers (1982) noem 'n goeie voorbeeld van laasgenoemde in sy verwysing na die kritiese skool wat in reaksie op die empiriese skool ontstaan het en oor min "eie" teorie beskik.

'n Groter fokus op teorie-ontwikkeling behoort dus meer interaksie tussen kommunikasienavorsers te stimuleer en behoort nuwe vraagstukke vir debatte te genereer.

Ontbreking van 'n gemeenskaplike opvoedkundige agtergrond

Verbandhoudend met bogenoemde probleem, is die ontbreking van 'n gemeenskaplike opvoedkundige agtergrond by kommunikasiekundiges (Purcell, 1992). Kommunikasiekundiges (navorsers sowel as praktisyens) tree die veld binne vanuit die rigtings van spraakkommunikasie, joernalistiek, linguistiek en selfs vanuit sekretariële rigtings met openbare skakelwerk-komponente. Volgens Purcell (1992) bestaan daar min of geen sin van eenheid en professionalisme binne die veld. Hierdie fragmentasie word deur die groot aantal diverse akademiese (en nie so akademiese!) tydskrifte wat in die veld bestaan, vererger. Purcell is van mening dat solank daar voortgegaan word om in spesifieke areas te spesialiseer sonder 'n oorkoepelende teoretiese liggaam, sodanige fragmentasie sal voortduur. Burleson (1992) skryf hierdie probleem toe aan die gebrek aan 'n teoretiese liggaam oor die ware AARD van MENSLIKE kommunikasie. Hy is van mening dat kommunikasiebenaderings en -teorieë die werklike fenomeen van KOMMUNIKASIE tot dusver ontduil of omseil het en eerder op inhoud, konteks, funksie en effekte daarvan fokus. Die rede hiervoor kan moontlik gevind word in die multi-dissiplinêre invloede wat kommunikasienavorsers onsensitief gemaak het met betrekking tot die werklike holistiese aard van die fenomeen en aanleiding gegee het tot ondersoek waar die "core subject matter" as van-selfsprekend aanvaar is.

Dit blyk uit bostaande bespreking dat die ontwikkeling van 'n volledige, oorkoepelende kern-kommunikasieteorie wat al die vlakke van menslike kommunikasie, sowel as die verbande tussen die vlakke, aanspreek, en in verskillende kommunikasiekontekste toegepas kan word, 'n groot bydrae behoort te lewer in die beperking van teoretiese fragmenta-

sie. Sodanige kern-teorie (wat bv. ook die vlakke van intrapersoonlike kommunikasie en die transendentale realiteit behoort in te sluit), sal dan ook voorsiening daarvoor maak dat kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsingsbenaderings afwisselend of gesamentlik gebruik sal kan word, afhangende van watter vlakke van die teorie by die navorsingsontwerp ter sprake kom. Laasgenoemde aspekte behoort ook groter selfvertroue onder kommunikasienavorsers, en gevvolglik meer teoriekonstruksie, tot gevolg te hê.

VOORUITSIGTE VIR DIE TOEKOMS

Kommunikasie is 'n jong dissipline en word op 'n onregverdigde wyse gemeet aan die maatstawe wat vir ander sosiale wetenskappe geld en wat oor ten minste 'n typerk van 'n eeu ontwikkel het. Dit is waarskynlik onrealisties om te verwag dat so 'n jong dissipline alreeds oor 'n volwasse en koherente teorieliggaam moet beskik. Daar is wel reeds betekenisvolle vooruitgang in Kommunikasie gemaak, aangesien daar in slegs enkele dekades deur verskillende navorsingsbenaderings beweeg is.

Verder behoort ook in gedagte gehou te word dat ander sosiaal wetenskaplike dissiplines slegs op sekere aspekte van menslike gedrag of interaksie fokus, terwyl Kommunikasie in 'n sekere sin as 'n super-dissipline beskou kan word, aangesien dit bykans elke faset van byna elke ander dissipline binnedring of omvat. Die komplekse aard daarvan maak dit dus uiters moeilik om 'n oorkoepelende teorie te ontwikkel, alhoewel daar 'n groot behoefte aan so 'n "touchstone"-teorie bestaan (Berger, 1991; Purcell, 1992). In die lig van die uniekheid en komplekse aard van kommunikasie, wat inherent ook konteksgebonden is,

maak Burleson (1992) 'n voorstel vir die ontwikkeling van 'n FILOSOFIE van kommunikasie. Burleson se beskrywing van sodanige filosofie stem in 'n groot mate met bestaande beskrywing van 'n oorkoepelende, kern-kommunikasieteorie ooreen. Dit behels primêr 'n definisie en breë-spektrum-model wat die sentrale prosesse en strukture van kommunikasie insluit. Die fundamentele aard daarvan sentreer rondom die kommunikasieproses en hoe dit funksioneer, en fokus op strukture en prosesse wat binne verskillende kontekste konstant bly. Wanneer so 'n oorkoepelende teorie dus met een van die middelbaanteorieë (bv. Simboliese Interaksionisme) gekombineer word, met die doel om 'n spesifieke kommunikasiekonteks na te vors, behoort dit baie suksesvol te wees. Tans is daar egter 'n oorheersing deur die middelbaanteorieë, aangesien navorsers dikwels van mening is dat ander teorieë wat meer spekulatief, breed en abstrak van aard is, nie vir empiriese navorsing gesik is nie (Burton, 1995).

Soos reeds genoem, sal 'n oorkoepelende teorie ook as 'n forum vir navorsingsdebat kan dien. Laasgenoemde aspek, sowel as die gebrek aan belangrike oorkoepelende vraagstukke, word deur Berger (1991) as 'n groot leemte in die kommunikasieveld beskou. Aangesien kommunikasienavorsers tans slegs op eie spesialiseringstingsfokus wat dialoog bemoedig en tot verdere fragmentasie aanleiding gee, sal standardisasie dus aangemoedig word.

TOEPASSING VAN ALGEMENE SISTEEMTEORIE OP KOMMUNIKASIE

Kefelas (1977) wys op die verskil tussen analitiese benaderings en sisteembenaderings ten opsigte van navorsing oor die realiteit. Analitiese benaderings is besorg oor die eksterne of fisiese gedeeltes van die realiteit; lê klem op

verdeling en daaropvolgende sintese van verskynsels: kwantificeer oorsaaklike verbande en streef na akkuraatheid. Die sisteemteorie plaas die organisme egter sentraal binne die konseptuele raamwerk: handhaaf 'n holistiese beskouing ten opsigte van die organisme op grond van verskeie kenmerke; en streef na begrip van onder meer:

- die aangaande proses van lewe in 'n organiese sisteem (ontwikkeling);
- die prosesse werkbaar binne die organisme; en
- dat dit wat waargeneem word, nie die werklikheid is nie, maar slegs die waarnemer se konceptualisering van die werklikheid verteenwoordig.

Fisher (1978:74) wys daarop dat alhoewel navorsing die wyse is waarop 'n teorie geverifieer en getoets word, dit terselfdertyd ook daarvoor verantwoordelik is om teorie te skep. Volgens hom plaas die wetenskaplike metode te veel klem op verifikasie en behoort daar meer belangstelling te wees om nuwe teorieë te genereer of bestaande teorieë uit te brei of te verhelder. Ook hy beklemtoon die gebrek aan kontemporêre ontwikkeling van teorie in die veld van Kommunikasie. Navorsing behoort dus baie meer as slegs die tegniese toetsing van hipoteses te behels, dit behoort ook kennis en begrip van 'n verskynsel uit te brei en die navorsing te rig ten opsigte van nuwe verskynsels, nuwe idees en nuwe metodes van waarneming.

Algemene Sisteemteorie poog by uitstek om 'n raamwerk daar te stel vir die ordelike en samehangende integrasie van kennis. Dit bied 'n aanvulling tot analitiese denke deurdat die prosesse wat die dele verbind, bestudeer word, eerder as om 'n mikro-analise van die dele te doen. Fisher (1978:196)

beskou Algemene Sisteemteorie as 'n losweg geordende, hoogs abstrakte stel beginsels wat denke rig, maar terselfdertyd ook 'n verskeidenheid interpretasies moontlik maak.

Sisteemkonsepte van belang by bestudering van kommunikasie

Die belangrikste sisteemkonsepte wat by die bestudering van kommunikasie van belang is, kan kortliks soos volg opgesom word:

'n Oop sisteem wat in voortdurende interaksie met sy omgewing (deurdringbare grense) is en insette (informasie, materie en energie) vanuit die omgewing verkry; die insette verwerk (omset) en uitsette teruggee aan die omgewing. Terugvoering vanuit die omgewing wat help om die sisteem in balans te hou deurdat dit bydra tot selfregulering en aanpassing by veranderinge in die omgewing sodat die sisteem kan oorleef.

Van die belangrikste sisteembeginsels is waarskynlik holisme en interafhanklikheid. Die interaksie tussen 'n sisteem se dele vorm die sisteem. Selfs ander kwaliteite soos selfregulasie en informasie-uitruiling met die omgewing, verteenwoordig uitbreidings van die interafhanklikheidsbeginsel. Kernetika verteenwoordig dus ook 'n aspek van interafhanklikheid in die sin dat dit op regulering en beheer in sisteme fokus met die klem op terugvoeringskringlope uit die omgewing wat nodig is om 'n staat van balans of homeostase te handhaaf.

Twee verdere belangrike sisteembeginsels is die hiëargiese ordening van sub-sisteme met betrekking tot mekaar en equifinaliteit, dit wil sê, dat die verlangde finale toestand van 'n sisteem op verskillende wyses en vanaf verskillende beginpunte bereik kan word. Laasgenoemde is 'n inherente eienskap van 'n oop sisteem.

Die toepaslikheid van Algemene Sisteemteorie vir kommunikasienvorsing

Littlejohn (1992) is van mening dat die meeste kommunikasieteorieë wat van sisteembeginsels gebruik maak, konsekvent en onderling ondersteunend is en dat die sisteeminvloed bydra tot die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike woordeskat vir kommunikasienvorsing. Hy is ook van mening dat die toepassing van sisteembeginsels baie verduidelikingskrag in verskeie kommunikasiekontekste het en baie navorsing genereer (besit dus heuristiese waarde, bv. in die veld van organisasiekommunikasie). Uiteenlopende konseptualisering, navorsingsmetodes en waarnemingstegnieke word in die Sisteemteorie benut, aangesien dit breed genoeg is om verskeie alternatiewe verduidelikingslogika toe te laat. Alternatiewe verklaarings kan dus gebied word, aangesien alternatiewe logika aangewend kan word (Verwey, 1990:52). Die weg word dus op 'n spaarsame wyse gebaan tot kruis-dissiplinêre integrasie van kennis. Die Sisteemteorie word ook nie beperk deur die induktiewe proses nie, aangesien 'n gebeurtenis verduidelik kan word sonder om ondersoek na alle soortgelyke gebeure in te stel.

Aangesien die Sisteemteorie verskeie grondige toepassings in 'n verskeidenheid teoretiese velde toelaat, kan dit nie teenstrydigheid in die toepassing daarvan voorkom nie. Hierdie oopheid in teoretiese toepassing is egter volgens Littlejohn (1983:41) een van die belangrikste voordele van die benadering omdat dit die navorsing nie *a priori* tot vooroordele in terme van wat om te verwag, verbind nie.

Die Sisteemteorie bied dus 'n moontlike oplossing om die balans te behou tussen die noodsaaklikheid van legiti-

timiteit aan die een kant en intellektuele vryheid en kreatiwiteit aan die ander kant. Die fokus van die volgende bespreking oor die Sisteemteorie (en die Pragmatiese/sisteembenedering ten opsigte van kommunikasie wat daaruit voortgevloei het) val op die potensiële waarde daarvan as 'n oorkoepelende kern-kommunikasieteorie (nadat sekere aanpassings gemaak is).

DIE INDIVIDU AS SISTEEM MET SUBSISTEEME

Elke sisteem vorm deel van 'n groter en hoër sisteem (die suprasisteem). Elke sisteem bestaan egter ook uit 'n aantal subsisteme wat op hul beurt uit 'n samestelling van elemente bestaan (Fisher, 1978:203; Littlejohn, 1992:31). Suprasisteme en subsisteme is natuurlik ook sisteme en word slegs 'n suprasisteem of 'n subsisteem as gevolg van die verhouding met 'n ander sisteem (Fisher, 1978:203).

Die pleister ("mortar") wat fisiese sisteme aanmekaar hou is energie, en by sosiale sisteme is hierdie energie informasie en informasieprosessering. Die aard van die verhouding tussen 'n sisteem en sy suprasisteem word deur die vloei van informasie tussen hulle bepaal en het 'n invloed op gedrag (Fisher, 1978:204).

Koestler (1967:48) beskryf sisteemhiërargie aan die hand van wat hy die Janus-effek noem: "The members of a hierarchy, like the Roman god, Janus, all have two faces looking in opposite directions: the face turned toward the subordinate levels is that of a self-contained whole; the face turned upward toward the apex, that of a dependent part". Koestler ontwikkel ook die term "holon", wat na 'n hiërargiese sisteem verwys. Die individu is 'n sosiale holon, wat op 'n hiërargiese wyse uit selle, organe, orgaansisteme en 'n liggaam saamgestel is en binne 'n gemeenskap funksioneer.

Boulding (1965) identifiseer die volgende sisteemvlakke binne 'n hiërargie wat wissel vanaf die mees eenvoudige tot die mees komplekse sisteme:

- Statiese sisteme;
- Dinamiese sisteme wat vooraf bepaalde bewegings insluit;
- Kernetiese sisteme wat selfonderhouwend is en die vermoë tot herstel, groei en reproduksie ontwikkel het;
- Geneties-sosiale sisteme waar daar 'n mate van arbeidsverdeling voorkom;
- Dierlike sisteme wat gekenmerk word deur verhoogde mobiliteit en doelbewuste gedrag;
- Menslike sisteme wat gekenmerk word deur selfbewustheid, simboolinterpretasie en kommunikasie van idees;
- Sosiale en menslike organisasisisteme met die klem veral op die organisasierol wat 'n persoon aanneem; en
- Transendentale sisteme wat sisteemstrukture bevat, maar wat oor die onbepaalbare, absolute en uiteindelike handel. (Daar sal later in meer besonderhede na hierdie aspek verwys word.)

'n Holistiese entiteit soos 'n groep, kultuur of gemeenskap staan nie onafhanklik ten opsigte van die individuele persone waaruit dit saamgestel is nie. Die individu verskaf struktuur aan die sosiale entiteit, wat nie sonder die individu kan bestaan nie (Fisher, 1978:72).

Weick (1969:45) is van mening dat verskillende vlakke van analise (bv. individu, groep, organisasie en ge-

meenskap) legitieme fokuspunte vir navorsing vorm. Hy is van mening dat een van die enigste wyses om insig in hierdie verskillende vlakke te bekom, is om ondersoek in te stel oor hoe hulle met mekaar verband hou en met mekaar in interaksie tree.

Die Pragmatiese/sisteembenadering ten opsigte van kommunikasie is deur Watzlawick, Beavin & Jackson (1967) uit die Algemene Sistemteorie ontwikkel en definieer die kleinste eenheid in 'n sisteem as twee individue wat in 'n kommunikasieverhouding met mekaar verkeer. Die rede hiervoor kan daarin gevind word dat die pragmatiese benadering 'n strukturele definisie van die sisteem impliseer en daarom die dele van die sisteem en hul interverwant-skappe beklemtoon om sodoende hul funksies te bepaal. Wanneer hierdie benadering dus op 'n kommunikasiesituasie toegepas word, val die klem op die deelnemers se posisies en bydraes (hul overte kommunikasiedrag) en nie op hul ervaring van die gebeurtenis (hul persepsies en intrapersoonlike kommunikasie) nie. Hierdie klem op menslike gedrag, beperk navorsing volgens hierdie benadering dus tot die empiriese fasette van menslike kommunikasie (wetenskaplike metode, geldigheid en betrouwbaarheid as gevolg van kwantitatiewe metodologie). Bogenoemde metodologiese klem veroorsaak egter 'n fundamentele inkonsekwenditeit met die Algemene Sistemteorie, waarvolgens die kleinste eenheid van die sisteem by definisie die funksionering en effektiwiteit van die totale sisteem bepaal en waar hierdie kleinste eenheid van die kommunikasiesisteem nie as overte kommunikasiedrag beskou kan word nie, maar eerder intrapersoonlike kommunikasie (o.a. selfgesprek) behels, en ook vertikale/religieuse/transpersoonlike kommunikasie kan insluit. Laasgenoemde kommunikasievakke word egter grootliks buite rekening gelaat, aangesien dit nie empiries waargeneem of gemeet kan word nie.

Dit word dus aangevoer dat beide intrapersoonlike en vertikale/religieuse/transpersoonlike kommunikasievakke in die sisteembenadering tot kommunikasie behoort te figureer, aangesien daar wel sekere metodologieë bestaan of ontwikkel kan word om hierdie vlakke te verifieer (soos later aangegeven sal word). Vervolgens word daar 'n kort omskrywing van intrapersoonlike en transpersoonlike kommunikasie gebied.

Intrapersoonlike kommunikasie

Alhoewel daar 'n beskouing bestaan dat intrapersoonlike of intrapsigiese kommunikasie bloot 'n neurologiese funksie of proses behels waartydens inligting geprosesseer of geïnterpreteer word (fasilitering van denke, konstruering van betekenis en interpretering van boodskappe) en nie op sigself as 'n volwaardige kommunikasievak beskou kan word nie, moet dit in gedagte gehou word dat sodanige normale breinfunksie wel 'n rol in intrapersoonlike kommunikasie (soos in alle kommunikasie) speel.

Die denkriktig met betrekking tot intrapersoonlike kommunikasie wat in hierdie artikel voorgestaan word, is dat intrapersoonlike kommunikasie 'n volwaardige kommunikasievak behels en 'n proses is waartydens 'n individu deur middel van bewussynsprosesse met homself in gesprek tree. Die individu word tegelykertyd subjek en obiek, sender en ontvanger en wedersydse terugvoering is dus ter sprake. Sodanige selfgesprek (tussen die "ek"- en die "my"-gedeeltes van die self - Mead, 1964) gee aanleiding tot verkenning, verwerking en begrip van bewustelike sowel as onbewustelike aspekte van die self (bv. waardes, houdings en gedagtes) wat die individu help om homself en sy wêreld te verstaan. Introspeksie kan hier as voorbeeld dien en behels aspekte soos die volgende:

verkenning en verwerking van onbekende en onbewuste dele van die self; selfondersoek en selfinsig; verwerking van gedagtes en emosies; afhandeling van onafgehandelde aangeleenthede uit die verlede; evaluering van die self; en selfonthulling. Hierdie intrapersoonlike prosesse dien as laaimeganisme vir die individu se verbale en nie-verbale kommunikasiegedrag en berei hom vir interpersoonlike kommunikasie voor. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om te verstaan hoe daar met die self gekommunikeer word voordat daar op die kommunikasieproses met ander gefokus kan word en daarom behoort hierdie kommunikasievlek in 'n kern-teorie ingesluit te word.

Transpersoonlike kommunikasie (insluitend vertikale en religieuse kommunikasie)

Rensburg (1989) definieer vertikale kommunikasie as kommunikasie in die spirituele sfeer van die mens, dus kommunikasie tussen die gelowige enkeling en God. Vertikale kommunikasie dui op 'n ontmoeting met God en hierdie ontmoeting staan in die mistisisme as die Transendentie Ervaring bekend. Volgens Slabbert (1992) is religieuse kommunikasie 'n simboliese interaksieproses wat plaasvind tussen 'n individu en God/n godheid in die daarstel van 'n religieuse verhouding en simbolies gedeelde religieuse realiteit as verwesenliking van die mens se religieuse kommunikasiebehoeftes. Transpersoonlike kommunikasie word deur Venter (1994) beskryf as regstreekse hoë-vlek intuïtiewe ervarings wat 'n uitbreiding van die bewussyn (verder as normale ego-grense en die beperkings van tyd en ruimte) verteenwoordig. Eienskappe daarvan sluit aspekte van 'n gewysigde bewussynstaat, (soos egotransendensie en transendering van rede en logika); intrapsigiese groei en transpersoonlike ontwikkeling; en religieuse, mistiese, soteriologiese insigte

in. Dit behels verder 'n eenheidsgevoel met ander mense, met God/n godheid en met die heelal, sowel as regstreekse begrip van die aard van die transendentale realiteit.

Uitsluitlike identifikasie met (en gebondenheid aan) eie identiteit, rolgedrag en 'n eng gedefinieerde persoonlike realiteit, lei dikwels tot 'n rigied gekondisioneerde gedragspatroon wat die volle ontplooiing van menslike potensiaal inkort. Deur middel van transpersoonlike kommunikasie funksioneer die bewussyn/psige ("mind") op sy eie, sonder die beperkinge van rasionele denke, taal en konsepte en word daar in verbinding getree met 'n realiteit wat verder strek as sensories-motoriese vermoëns en buitengewone vermoëns (onder meer ekstrasensoriese kommunikasie) kan insluit. Die mens ontwikkel 'n bewustheid van sy interafhangklikheid, nie slegs ten opsigte van sy medemens nie, maar ook ten opsigte van die omgewing en heelal. Transpersoonlike identifikasie met ander mense en met die transpersoonlike Self (wat die teenoorgestelde van die ego is, daarom die hoofletter "S"), is volgens Fox (1990) noodsaaklik vir ware self-realisasie en optimale self-aktualisasie. Insig in die transendentale realiteit lei tot onselfsgutige naastediens en 'n sin van sosiale moraliteit word onnodig, aangesien so 'n persoon in elk geval moreel sal optree, nie uit plig nie, maar uit eie vrye wil en oortuiging. Sodra daar nie meer met die ego (wat slegs in eie bevrediging en sekuriteit geïnteresseerd is, geïdentificeer word nie, sal so 'n persoon ophou om ander mense en die omgewing te manipuleer om sy eie behoeftes en begeertes te bevredig.

Alhoewel 'n transpersoonlike kommunikasie-ervaring soms spontaan mag voorkom, word dit meestal bereik deur die jarelange beoefening van 'n spirituele dissiplines soos meditasie onder die leiding van 'n deskundige leer-

meester. Gedurende sodanige ervaring is daar 'n vervaging van die tradisionele kommunikasie-elemente, naamlik sender, boodskap, medium en ontvanger.

Die aandag word daarop gevestig dat alhoewel transpersoonlike kommunikasie (d.w.s. regstreekse transiente ervarings gedurende 'n gewysigde bewussynstaat) enersyds as een van die kleinste sisteem-eenhede (binne die mens) beskou kan word, dit andersyds toegang mag verleen tot die mees omvattende sisteem-eenheid, naamlik die transiente realiteit. Indien intrapersoonlike en transpersoonlike kommunikasievlake in die Pragmatiese/sisteembenadering ingesluit kan word en alternatiewe metodologieë gevestig kan word om sodanige kommunikasievlake te bestudeer, sal 'n groot bydrae gelewer word om die sisteembenadering tot 'n meer volledige oorkoepelende kernkommunikasieteorie uit te brei.

Alternatiewe navorsingsmetodologieë

Wat alternatiewe metodologieë betref, bestaan daar inderdaad vir baie jare al heelwat onsekerheid ten opsigte van wetenskaplike "objektiwiteit" in die algemeen (Tart, 1971; Walsh, 1982). Transiente ervarings is byvoorbeeld paradoksaal en onverstaanbaar van aard, wat dit uiter moeilik kommunikeerbaar maak. Mense wat nie self sodanige ervarings beleef het nie, glo nie in die bestaan daarvan nie. Sulke mense beskou wetenskaplike data as die enigste verifikasie vir die bestaan van sodanige ervarings. Een van die belangrikste kriteria waaraan wetenskaplike navorsing dan ook moet voldoen, is dat dit 'n empiristiese benadering wat op ervaring gebaseer is, moet volg (Capra, 1978). Alhoewel daar gewoonlik onder die term empirisme verstaan word dat dit verwys na die soektoog na kennis deur middel van objektiewe waarneming en eksperimentering, is die bekende Amerikaanse Woordeboek, Webster (1979), se verklaring vir die

woord empirisme soos volg: "Dependence of a person on his own experience and observation, disregarding theory, reason and science". Hierdie beskrywing kan 'n vorm van innerlike empirisme insluit, naamlik streng aandag aan innerlike ervarings op 'n gedissiplineerde wyse. Needleman (1978:97) beskryf innerlike empirisme soos volg: "An empirical attitude toward oneself that is as tough-minded as the one that empirical science has given us toward the outer data. We need to look at the inner data with as much care, tough-mindedness, experimental method and verification as possible. Now, you cannot get public verification in the way you can of a scientific hypothesis, but there is such a thing as private verification which is shared and is communicable among people who have gone through a particular discipline." Dit is dus moontlik dat opgeleide navorsers 'n eie metodologie kan ontwikkel wat op intersubjektiewe ooreenstemming met betrekking tot ervarings, gebaseer is. Sodanige eksklusiviteit behoort nie die bestaan van hierdie ervarings te diskwalifiseer nie en laasgenoemde behoort nie om hierdie rede van navorsing uitgesluit word nie.

Ontwikkeling van 'n hiërargiese, sistemiese kommunikasiemodel

Vir 'n sistemiese analyse van kommunikasie, is dit volgens Fisher (1978) nodig om aan ten minste drie sisteenvlake aandag te skenk, naamlik supersisteem, sisteem en subsisteem. Weick (1969) benadruk dit dat laer vlakte die hoër vlakte beperk of begrens ("constrain"), as gevolg van die hiërargiese beginsel waarvolgens elke vlak met die vlak bo en onder hom in verhouding tree. Die individu beperk dus die sosiale sisteem (groepkommunikasie; organisasiekommunikasie; ens.) in die sin dat hy die interaksie van die kommunikasiemodel bepaal,

aangesien intrapersoonlike (en in sommige gevalle ook transpersoonlike) kommunikasie-aspekte as die voor-verbale of voor-interpersoonlike stadium van kommunikasie beskou kan word wat tot waarneembare kommunikasiegedrag aanleiding kan gee. Die subsisteme binne die individu (intrapersoonlike en transpersoonlike kommunikasie) beperk dus in 'n sekere sin op hul beurt weer die individu.

Soos reeds by herhaling genoem, word die intrapersoonlike (sowel as transpersoonlike) kommunikasievlekke in die Pragmatiese/sisteembenadering misken en word die kleinste sisteem-eenheid as die interpersoonlike kommunikasievlek beskou. In hierdie artikel word egter aangevoer dat die intrapersoonlike (sowel as transpersoonlike) kommunikasievlekke eerder as die kleinste eenheid van die sisteem beskou kan word. Transpersoonlike kommunikasie word egter nie altyd deur 'n individu bereik nie (daarom word dit in die model met stippellyne aangedui), maar indien dit wel bereik sou word, sou dit ook toegang bied tot die uiteindelike suprasisteem, naamlik die transendentale realiteit, wat as gevolg van die nie-empiriese aard daarvan ook met stippellyne aangedui word). Die transpersoonlike kommunikasie-subsisteem funksioneer dus soos 'n holon in die sin dat dit gelyktig die kleinste sisteem-eenheid binne die mens (empiriese realiteit) kan vorm en terselfdertyd tot die omvattendste sisteemvlak, naamlik die transendentale realiteit (nie-empiriese realiteit) toegang kan verleen. Dit kan dus as skakel tussen die empiriese en nie-empiriese wêrelde dien (kyk Figuur 1).

Die aandag word op die volgende aspekte van die model gevestig:


- Alhoewel die verduideliking van transpersoonlike kommunikasie (onderaan die model) die elemente van sender, boodskap, medium en on-

tvanger identificeer, word die aandag weer daarop gevestig dat transpersoonlike kommunikasie die eenwordingsdimensie van kommunikasie verteenwoordig, ongemedieerd van aard is en dat bovenoemde elemente op hierdie vlak vervaag en inmekbaarvloei. Daar word gepoog om laasgenoemde aspekte met behulp van die tweerigtingspyle tussen die elemente aan te dui.

- Die konseptuele filters (bv. houdings, waardes, motiewe, selfkonsep, ens.) wat nog by intrapersoonlike kommunikasie teenwoordig is, is gedurende regstreekse, ongemedieerde, transpersoonlike kommunikasie afwesig.
- 'n Gedeelte van die groot R (response) staan buite die individu (sisteemvlak), terwyl die ander gedeelte binne die individu is. Die rede hiervoor is dat al die intrapersoonlike/transpersoonlike response nie as interpersoonlike kommunikasiegedrag manifesteer nie en sommige response binne die individu verborge kan bly.

SAMEVATTING: BYDRAE TOT KOMMUNIKASIETEORIE

Met hierdie artikel is daar 'n poging aangewend om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n meer oorkoepelende kernkommunikasiemodel. Die mening word gehuldig dat die onwaarneembare vlakke van kommunikasie (nl. intrapersoonlike en transpersoonlike kommunikasie) nie van navorsing uitgesluit behoort te word nie en dat hierdie subsisteme binne die individu (sowel as die transendentale realiteit as uiteindelike suprasisteem) in sodanige model in berekening gebring behoort te word.



Figuur 1 Hiërargiese Sistemiese Kommunikasiemodel

Navorsing met betrekking tot enige spesialiseringsegebied binne Kommunikasie, behoort binne een van die vlakke van die hiérargiese kommunikasie-model tuis te hoor en sal dienooreenkomsdig gepositioneer kan word. Dit sal dus moontlik wees om die interafhangkheid van een kommunikasievlek met ander vlakke (of van een spesialiseringsegebied met ander), sowel as die onderlinge wisselwerking met mekaar en die geheel, te bestudeer, wat die probleem van teoretiese fragmentasie sal aanspreek.

Aangesien navorsing aan die hand van enige kommunikasieteorie (hoe abstrak ookal) dus binne hierdie model geplaas sal kan word, sal sodanige model uiteenlopende navorsingsontwerpe en -metodologieë kan akkommodeer, wat die probleem van konflikterende epistemologieë behoort aan te spreek.

Hierdie breë-spektrum kommunikasiemodel sluit vir die eerste keer onor-dokse gebiede (soos transpersoonlike kommunikasie en die transendentale realiteit) in die Kommunikasieveld in. Akademiese debatte behoort hierdeur gestimuleer te word. Dit mag ook moontlik as aanmoediging dien vir navorsing in hierdie gebiede.

Met die ontwikkeling van hierdie model is sisteembeginsels op 'n kwalitatiewe, nie-lineêre wyse, wat wyer as slegs die empiriese gebruik daarvan strek, toegepas. In die model is daar dus ruimte geskep vir die gebruik van kwalitatiewe, holistiese, nie-lineêre navorsingsmetodologieë wat vir navorsing oor kommunikasievlake en -prosesse wat nie empiries waargeneem of gemeet kan word nie, aangewese is. Gebruik van hierdie model mag moontlik 'n bydrae daartoe lewer dat die menswetenskappe (ook Kommunikasie) minder geneigd sal wees om die mens op 'n kunsmatige wyse te dissekteer en so doende die mens in sy totaliteit uit sig te verloor.

BIBLIOGRAFIE

- BERGER, C.R. 1991. Communication theories and other curios. *Communication Monographs*, 58(1):101-112.
- BOULDING, K.E. 1965. General system theory - the skeleton of science. *Management Science*, 2:197-208.
- BURLESON, B.R. 1992. Taking Communication seriously. *Communication Monographs*, 59(2):79-86.
- BURTON, S. 1995. A problem of Theory, or a Theory of Pressures: A review of a Review of Communication Scholarship Today, *Communicare*, 14(2). Forthcoming.
- CAPRA, F. 1978. Psychology, science and spiritual paths: Contemporary issues. *The Journal of Transpersonal Psychology*, 10(2):93-111.
- CHALMERS, A.F. 1990. *What is this thing called science?* (2nd ed.) Milton Keynes: Open University Press.
- CONDIT, C.M. 1990. The birth of understanding. *Communication Monographs*, 57(4):323-327.
- FISHER, B.A. 1978. *Perspectives on Human Communication*. New York: MacMillan.
- FOX, W. 1990. Transpersonal ecology: "Psychologizing" ecophilosophy.

phy. *The Journal of Transpersonal Psychology*, 22(1):59-96.

munication, Summer, 1983:103-115.

HARDT, H. 1989. The Return of the 'critical' and the challenge of radical dissent: Critical theory, Cultural studies and American mass communications research. *Communication Yearbook*, 12:558-600.

JENSEN, J. 1993. The Consequences of vocabularies. *Journal of Communication*, 43(3).

KEFELAS, A.G. 1977. Organizational communication: A System viewpoint, in Huseman, R.C., Logue, C.M. & Freshly, D.L. *Readings in Interpersonal and Organizational Communications* (3rd ed.) Boston: Holbrook.

KOESTLER, A. 1967. *The ghost in the machine*. New York: MacMillan.

LITTLEJOHN, S.W. 1983. *Theories of Human Communication* (2nd ed.) Belmont, California: Wadsworth.

LITTLEJOHN, S.W. 1992. *Theories of Human Communication* (4th ed.) Belmont, California: Wadsworth.

MEAD, G.H. 1964. *On social psychology*. Chicago: University of Chicago Press.

MELODY, W.H. & MANSELL, R.E. 1983. The Debate over critical versus administrative research: Circularity or challenge. *Journal of Com-*

NEEDLEMAN, J. 1978. in Welwood (co-ordinator): *Psychology, Science and Spiritual Paths: Contemporary Issues. The Journal of Transpersonal Psychology*, 10(2):93-111.

PURCELL, W.M. 1992. Are there so few Communication Theories? *Communication Monographs*, 59(2):95-98.

REAL, M. 1984. The Debate on Critical Theory and the Study of Communications. *Journal of Communication*, 34:72-80.

RENSBURG, R.S. 1989. *Vertikale kommunikasie: 'n kommunikasiekundige ondersoek van die transendente ervaring*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Pretoria: Unisa.

ROGERS, E.M. 1982. The Empirical and the Critical Schools of Communication Research, *Communication Yearbook*, 5:125-141.

ROSZAK, T. 1972. *Where the Wasteland Ends*. New York: Doubleday.

SLABBERT, A. 1992. *'n Verkenning van die begrip religieuse kommunikasie en die daarstel van 'n religieuse kommunikasiemodel*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Johannesburg: RAU.

- VENTER, H.L. 1994. *'n Verkenning van intrapersoonlike en transpersoonlike kommunikasie gedurende meditasie*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Johannesburg: RAU.
- VERWEY, S. 1990. *Die rol van kommunikasieklimaat in persepsies van organisasieklimaat van die formele organisasie*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Johannesburg: RAU.
- WATZLAWICK, P., BEAVIN, J. & JACKSON, D. 1967. *Pragmatics of Human Communication: A Study in Interactional Patterns, Pathologies, and Paradoxes*. New York:: Norton.
- WEICK, C. 1969. *The Social Psychology of Organizing*. Reading, Mass.: Addison-Wesley.